17. 'Industrial Development Zone Programme' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;
18. 'Industry Matching Fund' ontvang of toegeval van die Departement van Wetenskap en Tegnologie;
19. 'Integrated National Electrification Programme Grant: Non-grid electrification service providers' ontvang of toegeval van die Departement van Energie;
20. 'Integrated National Electrification Programme: Electricity connection to households' ontvang of toegeval van die Departement van Energie;
21. 'Jobs Fund' ontvang of toegeval van die Nasionale Tesourie;
22. 'Manufacturing Competitiveness Enhancement Programme' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;
23. 'Sector Specific Assistance Scheme' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;
24. 'Small, Medium Enterprise Development Programme' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;

25. Small/Medium Manufacturing Development Programme received or accrued from the Department of Trade and Industry;
26. South African Research Chairs Initiative received or accrued from the Department of Science and Technology;
27. Support Programme for Industrial Innovation received or accrued from the Department of Trade and Industry;
28. Taxi Recapitalisation Programme received or accrued from the Department of Transport;
29. Technology Development Fund received or accrued from the Department of Science and Technology;
30. Technology and Human Resources for Industry Programme received or accrued from the Department of Trade and Industry;
31. Transfers to the South African National Taxi Council received or accrued from the Department of Transport;
32. Transfers to the University of Pretoria, University of KwaZulu-Natal and University of Stellenbosch received or accrued from the Department of Transport;
33. Youth Technology Innovation Fund received or accrued from the Department of Science and Technology.''.

**Amendment of section 20 of Act 91 of 1964, as amended by section 4 of Act 95 of 1965, section 8 of Act 105 of 1969, section 1 of Act 86 of 1982, section 6 of Act 84 of 1987, section 14 of Act 59 of 1990, section 14 of Act 45 of 1995, section 59 of Act 30 of 1998, section 41 of Act 19 of 2001, section 88 of Act 31 of 2005 and section 10 of Act 32 of 2014**

**126.** (1) Section 20 of the Customs and Excise Act, 1964, is hereby amended by the addition after subsection (6) of the following subsection:

''(7) *(a)* Where fuel levy goods are imported and not removed to a customs and excise manufacturing warehouse as contemplated in section 19A(4), those goods must, after due entry for warehousing be offloaded into a licensed customs and excise storage warehouse.

*(b)* The duty payable in terms of Part 1 of Schedule No. 1 must be paid at the time and in accordance with the procedures as may be prescribed by rule.

*(c)* Provisions in this Act, Schedule No. 6 and the rules for administering locally produced fuel levy goods must, except to the extent that that Schedule, any other Schedule or a rule may otherwise provide, be applied to imported fuel levy goods.

*(d)* If the imported fuel levy goods become mixed with locally produced fuel levy goods during transport by pipeline or in any tank to any extent, the duty paid in terms of Part 1 of Schedule No. 1 is not refundable in circumstances where any provision of this Act provides for a refund of other duties paid on such goods.

*(e)* Any allowance in terms of section 75(18) is only applicable on importation of the fuel levy goods as provided in section 75(18)*(d)*.

*(f)* The Commissioner may make rules—

(i) in connection with all matters required or permitted in this section to be prescribed by rule;
(ii) adapting any other rule for the purposes of this subsection; and
(iii) regarding any other matter which the Commissioner may reasonably consider to be necessary and useful to achieve the efficient and effective administration of the subsection.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on a date determined by the Minister by notice in the *Gazette*.

**Continuation of certain amendments of Schedules to Act 91 of 1964**

**127.** Every amendment or withdrawal of or insertion in Schedules No. 1 to 6, 8 and 10 to the Customs and Excise Act, 1964, made under section 48, 49, 56, 56A, 57, 60 or 75(15) of that Act during the period 1 September 2014 up to and including 30 September 2015, shall not lapse by virtue of section 48(6), 49(5A), 56(3), 56A(3), 57(3), 60(4) or 75(16) of that Act.

25. 'Small/Medium Manufacturing Development Programme' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;
26. 'South African Research Chairs Initiative' ontvang of toegeval van die Departement van Wetenskap en Tegnologie;
27. 'Support Programme for Industrial Innovation' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;
28. 'Taxi Recapitalisation Programme' ontvang of toegeval van die Departement van Vervoer;
29. 'Technology Development Fund' ontvang of toegeval van die Departement van Wetenskap en Tegnologie;
30. 'Technology and Human Resources for Industry Programme' ontvang of toegeval van die Departement van Handel en Nywerheid;
31. Oordragte aan die 'South African National Taxi Council' ontvang of toegeval van die Departement van Vervoer;
32. Oordragte aan die Universiteit van Pretoria, Universiteit van KwaZulu-Natal en Universiteit van Stellenbosch ontvang of toegeval van die Departement van Vervoer;
33. 'Youth Technology Innovation Fund' ontvang of toegeval van die Departement van Wetenskap en Tegnologie.''.

**Wysiging van artikel 20 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 95 van 1965, artikel 8 van Wet 105 van 1969, artikel 1 van Wet 86 van 1982, artikel 6 van Wet 84 van 1987, artikel 14 van Wet 59 van 1990, artikel 14 van Wet 45 van 1995, artikel 59 van Wet 30 van 1998, artikel 41 van Wet 19 van 2001, artikel 88 van Wet 31 van 2005 en artikel 10 van Wet 32 van 2014**

**126.** (1) Artikel 20 van die Wet op Doeane- en Aksynsreg, 1964, word hierby gewysig deur na subartikel (6) die volgende subartikel by te voeg:

''(7) *(a)* Waar brandstofheffingsgoedere ingevoer word en nie na 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis verwyder word soos in artikel 19A(4) beoog nie, moet daardie goedere na behoorlike klaring vir opslag afgelaai word binne 'n gelisensieerde doeane- en aksynsopslagpakhuis.

*(b)* Die reg betaalbaar ingevolge Deel 1 van Bylae No. 1 moet betaal word op die tydstip en ooreenkomstig die prosedures wat by reël voorgeskryf mag word.

*(c)* Bepalings in hierdie Wet, Bylae No. 6 en die reëls om plaaslik vervaardigde brandstofheffingsgoedere te administreer, moet, buiten die mate waartoe daardie Bylae, enige ander Bylae of 'n reël anders mag bepaal, op ingevoerde brandstofheffingsgoedere toegepas word.

*(d)* Indien die ingevoerde brandstofheffingsgoedere tydens vervoer per pyplyn of in enige tenk in enige mate gemeng word met plaaslik vervaardigde brandstofheffingsgoedere, is die reg betaal ingevolge Deel 1 van Bylae No. 1 nie terugbetaalbaar nie in omstandighede waar enige bepaling van hierdie Wet voorsiening maak vir 'n terugbetaling van ander regte op sulke goedere betaal.

*(e)* Enige korting ingevolge artikel 75(18) is slegs van toepassing op invoer van die brandstofheffingsgoedere soos bepaal in artikel 75(18)*(d)*.

*(f)* Die Kommissaris kan reëls uitvaardig—
(i) in verband met alle aangeleenthede wat in hierdie artikel by reël voorgeskryf moet of mag word;
(ii) wat enige ander reël vir die doeleindes van hierdie subartikel aanpas; en
(iii) met betrekking tot enige ander aangeleentheid wat die Kommissaris redelik noodsaaklik en nuttig ag om die doeltreffende en effektiewe administrasie van die subartikel te bewerkstellig.''.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Voortduring van sekere wysigings van Bylaes by Wet 91 van 1964**

**127.** Geen wysiging aan of intrekking van of invoeging in Bylae No. 1 tot 6, 8 en 10 by die Doeane- en Aksynswet, 1964, wat aangebring is kragtens artikel 48, 49, 56, 56A, 57, 60 of 75(15) van daardie Wet gedurende die tydperk 1 September 2014 tot en met en insluitende 30 September 2015, verval uit hoofde van artikel 48(6), 49(5A), 56(3), 56A(3), 57(3), 60(4) of 75(16) van daardie Wet nie.

**Amendment of section 1 of Act 89 of 1991, as amended by section 21 of Act 136 of 1991, paragraph 1 of Government Notice 2695 of 8 November 1991, section 12 of Act 136 of 1992, section 1 of Act 61 of 1993, section 22 of Act 97 of 1993, section 9 of Act 20 of 1994, section 18 of Act 37 of 1996, section 23 of Act 27 of 1997, section 34 of Act 34 of 1997, section 81 of Act 53 of 1999, section 76 of Act 30 of 2000, section 64 of Act 59 of 2000, section 65 of Act 19 of 2001, section 148 of Act 60 of 2001, section 114 of Act 74 of 2002, section 47 of Act 12 of 2003, section 164 of Act 45 of 2003, section 43 of Act 16 of 2004, section 92 of Act 32 of 2004, section 8 of Act 10 of 2005, section 101 of Act 31 of 2005, section 40 of Act 9 of 2006, section 77 20 of 2006, sections 81 and 108 of Act 8 of 2007, section 104 of Act 35 of 2007, section 68 of Act 3 of 2008, section 104 of Act 60 of 2008, section 33 of Act 18 of 2009, section 119 of Act 7 of 2010, section 26 of Act 8 of 2010, section 129 of Act 24 of 2011, section 271 of Act 28 of 2011, read with item 108 of Schedule 1 to that Act, section 145 of Act 22 of 2012, section 165 of Act 31 of 2013 and section 95 of Act 43 of 2014**

**128.** (1) Section 1 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) in the definition of ''commercial accommodation'' for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* lodging or board and lodging, together with domestic goods and services, in any house, flat, apartment, room, hotel, motel, inn, guest house, boarding house, residential establishment, holiday accommodation unit, chalet, tent, caravan, camping site, houseboat, or similar establishment, which is regularly or systematically supplied **[and where the total annual receipts from the supply thereof exceeds R60 000 in a period of 12 months or is reasonably expected to exceed that amount in a period of 12 months,]** but excluding a dwelling supplied in terms of an agreement for the letting and hiring thereof;'';

*(b)* by the substitution in subsection (1) in the definition of ''connected person'' in paragraph *(d)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph;

''(ii) any other company the shareholders in which **[(being shareholders as contemplated in the definition of 'shareholder' in section 1 of the Income Tax Act)]** are substantially the same persons as the shareholders in the first-mentioned company, or which is controlled by the same persons who control the first-mentioned company; or'';

*(c)* by the deletion in the definition of ''domestic goods and services'' at end of paragraph *(f)* of the word ''or'';

*(d)* by the insertion in the definition of ''domestic goods and services'' at the end of paragraph *(g)* of the word ''or'';

*(e)* by the addition in the definition of ''domestic goods and services'' after paragraph *(g)* of the following paragraph:

''*(h)* water'';

*(f)* by the substitution in subsection (1) in the definition of ''enterprise'' for paragraph (ix) of the proviso of the following paragraph:

''(ix) where a person carries on or intends carrying on an enterprise or activity supplying commercial accommodation as contemplated in paragraph *(a)* of the definition of ''commercial accommodation'' in section 1, and the total value of taxable supplies made by that person in respect of that enterprise or activity in the preceding period of 12 months or which it can reasonably be expected that that person will make in a period of 12 months, as the case may be, will not exceed **[R60 000]**, R120 000 shall be deemed not to be the carrying on of **[an]** that enterprise;'';

**Wysiging van artikel 1 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 136 van 1991, paragraaf 1 van Goewermentskennisgewing 2695 van 8 November 1991, artikel 12 van Wet 136 van 1992, artikel 1 van Wet 61 van 1993, artikel 22 van Wet 97 van 1993, artikel 9 van Wet 20 van 1994, artikel 18 van Wet 37 van 1996, artikel 23 van Wet 27 van 1997, artikel 34 van Wet 34 van 1997, artikel 81 van Wet 53 van 1999, artikel 76 van Wet 30 van 2000, artikel 64 van Wet 59 van 2000, artikel 65 van Wet 19 van 2001, artikel 148 van Wet 60 van 2001, artikel 114 van Wet 74 van 2002, artikel 47 van Wet 12 van 2003, artikel 164 van Wet 45 van 2003, artikel 43 van Wet 16 van 2004, artikel 92 van Wet 32 van 2004, artikel 8 van Wet 10 van 2005, artikel 101 van Wet 31 van 2005, artikel 40 van Wet 9 van 2006, artikel 77 van Wet 20 van 2006, artikels 81 en 108 van Wet 8 van 2007, artikel 104 van Wet 35 van 2007, artikel 68 van Wet 3 van 2008, artikel 104 van Wet 60 van 2008, artikel 33 van Wet 18 van 2009, artikel 119 van Wet 7 van 2010, artikel 26 van Wet 8 van 2010, artikel 129 van Wet 24 van 2011, artikel 271 van Wet 28 van 2011, saamgelees met item 196 van Bylae 1 by daardie Wet, artikel 145 van Wet 22 van 2012, artikel 165 van Wet 31 van 2013 en artikel 95 van Wet 43 van 2014**

**128.** (1) Artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) voor die omskrywing van ''aandeleblokkemaatskappy'' die volgende omskrywing in te voeg:

'' **'aandeelhouer'**—

*(a)* met betrekking tot 'n maatskappy bedoel in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(d)* van die omskrywing van 'maatskappy' artikel 1(1) van die Inkomstebelastingwet, die geregistreerde aandeelhouer ten opsigte van 'n aandeel, behalwe dat wanneer 'n ander persoon as die geregistreerde aandeelhouer geregtig is, hetsy ingevolge die voorwaardes van 'n ooreenkoms of kontrak of andersins, op die voordeel of 'n deel van die voordeel van die regte van deelname in die winste, inkomste of kapitaal verbonde aan die aldus geregistreerde aandeel, daardie ander persoon vir sover daardie ander persoon op bedoelde voordeel geregtig is ook geag word 'n aandeelhouer te wees; of

*(b)* met betrekking tot 'n beslote korporasie, 'n lid van sodanige korporasie; of

*(c)* met betrekking tot 'n koöperasie, 'n lid van daardie koöperasie;'';

*(b)* deur in die omskrywing van ''huishoudelike goed en dienste'' aan die einde van paragraaf *(f)* die woord ''of'' te skrap;

*(c)* deur in die omskrywing van ''huishoudelike goed en dienste'' aan die einde van paragraaf *(g)* die woord ''of'' by te voeg;

*(d)* deur in die omskrywing van ''huishoudelike goed en dienste'' na paragraaf *(g)* die volgende paragraaf by te voeg:

''*(h)* water'';

*(e)* deur in subartikel (1) in die omskrywing van ''kommersiële huisvesting'' paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* inwoning of kos en inwoning, tesame met die verskaffing van huishoudelike goed en dienste, in enige huis, woonstel, vertrek, hotel, motel, herberg, gastehuis, losieshuis, huishoudelike inrigting, vakansieverblyfeenheid, chalet, tent, karavaan, kampeerplek, huisboot, of soortgelyke inrigting, wat gereeld of stelselmatig verskaf word **[en waar die totale jaarlikse ontvangste uit die lewering daarvan R60 000 in 'n tydperk van 12 maande oorskry of redelikerwys verwag word om daardie bedrag in 'n tydperk van 12 maande te oorskry,]** maar met uitsluiting van 'n woning wat ingevolge 'n ooreenkoms vir die huur en verhuring daarvan verskaf word;'';

*(f)* deur in subartikel (1) in die omskrywing van ''onderneming'' paragraaf (ix) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:

''(ix) waar 'n persoon 'n onderneming bedryf of voorneme is om 'n onderneming te bedryf of 'n aktiwiteit beoefen wat kommersiële huisvesting lewer soos beoog in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'kommersiële huisvesting' in artikel 1, en die totale waarde van

*(g)* by the substitution in subsection 1 in the definition of "grant" for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* a payment made to or on behalf of a vendor in terms of the national housing programme contemplated in the Housing Act, 1997 (Act No. 107 of 1997);"; and

*(h)* by the insertion in subsection 1 after the definition of "Share Blocks Control Act" of the following definition:

" **'shareholder'—**

*(a)* in relation to any company referred to in paragraph *(a)*, *(b)* or *(d)* of the definition of 'company" in section 1(1) of the Income Tax Act, means the registered shareholder in respect of any share, except that where some person other than the registered shareholder is entitled, whether by virtue of any provision in the memorandum or articles of association of the company or under the terms of any agreement or contract, or otherwise, to all or part of the benefit of the rights of participation in the profits, income or capital attaching to the share so registered, that other person shall, to the extent that such person is entitled to such benefit, also be deemed to be a shareholder; or

*(b)* in relation to any close corporation, means a member of such corporation; or

*(c)* in relation to any co-operative, means a member of such co-operative;".

(2) Paragraphs *(a)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* of subsection (1) come into operation on 1 April 2016.

(3) Paragraph *(g)* of subsection (1) comes into operation on 1 April 2017.

(4) Paragraph *(b)* and *(h)* of subsection (1) come into operation on 1 April 2016.

**Amendment of section 8 of Act 89 of 1991, as amended by section 24 of Act 136 of 1991, paragraph 4 of Government Notice 2695 of 8 November 1991, section 15 of Act 136 of 1992, section 24 of Act 97 of 1993, section 11 of Act 20 of 1994, section 20 of Act 46 of 1996, section 25 of Act 27 of 1997, section 83 of Act 53 of 1999, section 67 of Act 19 of 2001, section 151 of Act 60 of 2001, section 166 of Act 45 of 2003, section 95 of Act 32 of 2004, section 102 of Act 31 of 2005, section 172 of Act 34 of 2005, section 42 of Act 9 of 2006, section 79 of Act 20 of 2006, section 27 of Act 36 of 2007, section 106 of Act 60 of 2008, section 91 of Act 17 of 2009, section 120 of Act7 of 2010, section 131 of Act 24 of 2011, section 146 of Act 22 of 2012, section 166 of Act 31 of 2013 and section 21 of Act 44 of 2014**

**129.** (1) Section 8 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended by the deletion of subsection (23).

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2017.

**Amendment of section 9 of Act 89 of 1991, as amended by section 25 of Act 136 of 1991, section 25 of Act 97 of 1993, section 21 of Act 46 of 1996, section 26 of Act 27 of 1997, section 167 of Act 45 of 2003, section 96 of Act 32 of 2004, section 103 of Act 31 of 2005, section 172 of Act 34 of 2005, section 28 of Act 36 of 2007, section 27 of Act 8 of 2010 and section 167 of Act 39 of 2013**

**130.** (1) Section 9 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended by the addition in subsection (2) to paragraph *(a)* of the following further proviso:

": Provided further that this paragraph shall not apply where the whole of the consideration or part thereof for such supply of goods or services cannot be determined at the time the goods are removed or made available or at the time the services are performed, and the recipient would have been entitled under section 16(3) at that time to make a deduction of the full amount of tax in respect of that supply, in which case the provisions of subsection (1) shall apply;".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2016.

belasbare lewerings gemaak deur daardie persoon ten opsigte van daardie onderneming of aktiwiteit in die voorafgaande tydperk van 12 maande of dat daar redelikerwys verwag kan word dat daardie persoon in 'n periode van 12 maande, na gelang die geval, nie **[R60 000]** R120 000 sal oorskry nie, sal daardie persoon geag word om nie **['n]** daardie onderneming te bedryf nie;";

*(g)* deur in subartikel (1) in die omskrywing van "subsidie" paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

*(b)* 'n betaling gemaak aan of ten behoewe van die 'national housing programme' beoog in die Housing Act, 1997 (Wet No. 107 van 1997);"; en

*(h)* deur in subartikel (1) in die omskrywing van "verbonde persone" in paragraaf *(d)* subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) 'n ander maatskappy waarin die aandeelhouers **[(synde aandeelhouers soos in die omskrywing van 'aandeelhouer' in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet beoog)]** in aansienlike mate dieselfde persone is as die aandeelhouers in eersbedoelde maatskappy, van wat beheer word deur dieselfde persone wat eersbedoelde maatskappy beheer; of".

(2) Paragrawe *(a)* en *(h)* van subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.
(3) Paragrawe *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)* en *(f)* van subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.
(4) Paragraaf *(g)* van subartikel (1) tree in werking op 1 April 2017.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 136 van 1991, paragraaf 4 van Goewermentskennisgewing 2695 van 8 November 1991, artikel 15 van Wet 136 van 1992, artikel 24 van Wet 97 van 1993, artikel 11 van Wet 20 van 1994, artikel 20 van Wet 46 van 1996, artikel 25 van Wet 27 van 1997, artikel 83 van Wet 53 van 1999, artikel 67 van Wet 19 van 2001, artikel 151 van Wet 60 van 2001, artikel 166 van Wet 45 van 2003, artikel 95 van Wet 32 van 2004, artikel 102 van Wet 31 van 2005, artikel 172 van Wet 34 van 2005, artikel 42 van Wet 9 van 2006, artikel 79 van Wet 20 van 2006, artikel 27 van Wet 36 van 2007, artikel 106 van Wet 60 van 2008, artikel 91 van Wet 17 van 2009, artikel 120 van Wet 7 van 2010, artikel 131 van Wet 24 van 2011, artikel 146 van Wet 22 van 2012 en artikel 166 van Wet 31 van 2013**

**129.** (1) Artikel 8 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (23) te skrap.
(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 April 2017.

**Wysiging van artikel 9 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 136 van 1991, artikel 25 van Wet 97 van 1993, artikel 21 van Wet 46 van 1996, artikel 26 van Wet 27 van 1997, artikel 167 van Wet 45 van 2003, artikel 96 van Wet 32 van 2004, artikel 103 van Wet 31 van 2005, artikel 172 van Wet 34 van 2005, artikel 28 van Wet 36 van 2007, artikel 27 van Wet 8 van 2010 en artikel 167 van Wet 39 van 2013**

**130.** (1) Artikel 9 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die volgende verdere voorbehoudsbepaling by paragraaf *(a)* te voeg:

": Met dien verstande verder dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie waar die geheel of 'n gedeelte van die vergoeding vir bedoelde lewering van goedere of dienste nie bepaal kan word tydens die verwydering of beskikbaarstelling van die goedere of tydens die lewering van die dienste, en die ontvanger sou geregtig gewees het ingevolge artikel 16(3) om 'n aftrekking te maak van die volle bedrag van belasting ten opsigte van daardie lewering, in welke geval die bepalings van subartikel (1) van toepassing is;".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.

**Amendment of section 10 of Act 89 of 1991, as amended by section 26 of Act 136 of 1991, paragraph 5 of Government Notice 2695 of 8 November 1991, section 16 of Act 136 of 1992, section 26 of Act 97 of 1993, section 12 of Act 20 of 1994, section 21 of Act 37 of 1996, section 22 of Act 46 of 1996, section 27 of Act 27 of 1997, section 84 of Act 53 of 1999, section 68 of Act 19 of 2001, section 152 of Act 60 of 2001, section 168 of Act 45 of 2003, section 97 of Act 32 of 2004, section 104 of Act 31 of 2005, section 43 of Act 9 of 2006, section 80 of Act 20 of 2006, section 82 of Act 8 of 2007, section 107 of Act 60 of 2008, section 122 of Act 7 of 2010, section 133 of Act 24 of 2011 and section 168 of Act 39 of 2013**

**131.** (1) Section 10 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* a supply is made by a person for no consideration or for a consideration in money which is less than the open market value of the supply or the consideration cannot be determined at the time of supply;".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2016.

**Amendment of section 11 of Act 89 of 1991, as amended by section 27 of Act 136 of 1991, Government Notice 2695 of 8 November 1991, section 17 of Act 136 of 1992, section 27 of Act 97 of 1993, section 13 of Act 20 of 1994, section 28 of Act 27 of 1997, section 89 of Act 30 of 1998, section 85 of Act 53 of 1999, section 77 of Act 30 of 2000, section 43 of Act 5 of 2001, section 153 of Act 60 of 2001, section 169 of Act 45 of 2003, section 46 of Act 16 of 2004, section 98 of Act 32 of 2004, section 21 of Act 9 of 2005, section 105 of Act 31 of 2005, section 44 of Act 9 of 2006, section 81 of Act 20 of 2006, section 105 of Act 35 of 2007, section 29 of Act 36 of 2007, Government Notice R.1024 in Government Gazette 32664 of 30 October 2009, section 134 of Act 24 of 2011, section 169 of Act 31 of 2013 and section 96 of 43 of 2014**

**132.** (1) Section 11 of the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991), is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1)(*a*)(ii) for the words preceding the proviso of the following words:

"the goods have been exported by the recipient and the supplier has elected to supply the goods at the zero rate as contemplated in Part 2 of **[an export incentive scheme]** the regulation referred to in paragraph *(d)* of the definition of 'exported' in section 1:";

*(b)* by the substitution in subsection (1)*(a)*(ii) paragraph *(bb)* of the proviso of the following paragraph:

"*(bb)* where the goods have been removed from the Republic by the recipient in accordance with the **[provisions of an export incentive scheme]** regulation referred to in paragraph *(d)* of the definition of 'exported' in section 1, such tax shall be refunded to the recipient in accordance with the provisions of section 44 (9); or";

*(c)* by the substitution in subsection (1)*(m)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) by a **[VAT registered]** cartage contractor, whose **[main activity is that of]** activities include transporting goods and who is engaged by the supplier to deliver the goods and that supplier is liable for the full cost relating to that delivery;";

*(d)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(r)* of the following paragraph and by the addition of the following proviso:

"*(r)* the services comprise of the vocational training of employees (other than educational services contemplated in section 12*(h)*) for the benefit of an employer who is not a resident of the Republic and who is not a vendor: Provided that this paragraph shall not apply where the supply is made to a person who is a resident of the Republic or a vendor; or"; and

**Wysiging van artikel 10 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 136 van 1991, paragraaf 5 van Goewermentskennisgewing 2695 van 8 November 1991, artikel 16 van Wet 136 van 1992, artikel 26 van Wet 97 van 1993, artikel 12 van Wet 20 van 1994, artikel 21 van Wet 37 van 1996, artikel 22 van Wet 46 van 1996, artikel 27 van Wet 27 van 1997, artikel 84 van Wet 53 van 1999, artikel 68 van Wet 19 van 2001, artikel 152 van Wet 60 van 2001, artikel 168 van Wet 45 van 2003, artikel 97 van Wet 32 van 2004, artikel 104 van Wet 31 van 2005, artikel 43 van Wet 9 van 2006, artikel 80 van Wet 20 van 2006, artikel 82 van Wet 8 van 2007, artikel 107 van Wet 60 van 2008, artikel 122 van Wet 7 van 2010, artikel 133 van Wet 24 van 2011 en artikel 168 van Wet 39 van 2013**

**131**. (1) Artikel 10 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n lewering deur 'n persoon gedoen word teen geen vergoeding nie of teen 'n vergoeding in geld wat minder as die ope markwaarde van die lewering is of die vergoeding kan nie ten tye van die lewering bepaal word nie; en".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.

**Wysiging van artikel 11 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 136 van 1991, Goewermentskennisgewing 2695 van 8 November 1991, artikel 17 van Wet 136 van 1992, artikel 27 van Wet 97 van 1993, artikel 13 van Wet 20 van 1994, artikel 28 van Wet 27 van 1997, artikel 89 van Wet 30 van 1998, artikel 85 van Wet 53 van 1999, artikel 77 van Wet 30 van 2000, artikel 43 van Wet 5 van 2001, artikel 153 van Wet 60 van 2001, artikel 169 van Wet 45 van 2003, artikel 46 van Wet 16 van 2004, artikel 98 van Wet 32 van 2004, artikel 21 van Wet 9 van 2005, artikel 105 van Wet 31 van 2005, artikel 44 van Wet 9 van 2006, artikel 81 van Wet 20 van 2006, artikel 105 van Wet 35 van 2007, artikel 29 van Wet 36 van 2007, Goewermentskennisgewing R.1024 in Staatskoerant 32664 van 30 Oktober 2009, artikel 134 van Wet 24 van 2011, artikel 169 van Wet 31 van 2013 en artikel 96 van 43 van 2014**

**132.** (1) Artikel 11 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1)*(a)*(ii) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"die goed deur die ontvanger uitgevoer is en die leweraar gekies het om die goed teen die nulkoers beoog in Deel 2 van **['n uitvoeraansporingskema]** die regulasie bedoel in paragraaf *(d)* van die omskrywing van 'uitgevoer' in artikel 1, te lewer:";

*(b)* deur in subartikel (1)*(a)*(ii) subitem *(bb)* deur die volgende subitem te vervang:

"*(bb)* waar die goed ooreenkomstig die **[bepalings van 'n uitvoeraansporingskema]** regulasie bedoel in paragraaf *(d)* van die omskrywing van 'uitgevoer' in artikel 1, deur die ontvanger uit die Republiek verwyder is, daardie belasting ooreenkomstig die bepalings van artikel 44(9), aan die ontvanger terugbetaal word; of";

*(c)* deur in subartikel (1)*(m)* subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) deur 'n **[BTW geregistreerde]** vervoerkontrakteur, wie se **[hoofaktiwiteit]** aktiwiteite die vervoer van goed **[is]** insluit en wat in diens van die verskaffer is vir die aflewering van goed en daardie verskaffer aanspreeklik is vir die volle koste wat verband hou met daardie aflewering;";

*(d)* deur in subartikel (2) paragraaf *(r)* deur die volgende paragraaf en voorbehoudsbepaling te vervang:

"*(r)* die dienste bestaan uit beroepsopleiding van werknemers (behalwe opvoedkundige dienste beoog in artikel 12*(h)*) **[vir]** ten behoewe van 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die Republiek is nie en wat nie 'n ondernemer is nie: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie waar die lewering gemaak word

*(e)* by the deletion in subsection (2) of paragraph *(s)*.

(2) Paragraphs *(c)* and *(d)* of subsection (1) come into operation on 1 April 2016.

(3) Paragraph *(e)* of subsection (1) comes into operation on 1 April 2017.

**Amendment of section 12 of Act 89 of 1991, as amended by section 18 of Act 136 of 1992, section 14 of Act 20 of 1994, section 22 of Act 37 of 1996, section 69 of Act 19 of 2001 section 154 of Act 60 of 2001, section 117 of Act 74 of 2002, section 99 of Act 32 of 2004, section 45 of Act 9 of 2006, section 82 of Act 20 of 2006, section 109 of Act 60 of 2008, section 147 of Act 22 of 2012, section 170 of Act 31 of 2013 and section 97 of Act 43 of 2014**

**133.** (1) Section 12 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended by the substitution in paragraph *(h)* for subparagraph (ii) of the following paragraph:

"(ii) the supply by a school, university, technikon or college solely or mainly for the benefit of its learners or students of goods or services (including domestic goods and services) necessary for and subordinate and incidental to the supply of services referred to in subparagraph (i) of this paragraph, if such goods or services are supplied for a consideration in the form of school fees, tuition fees or payment for lodging or board and lodging; or".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2016.

**Amendment of section 15 of Act 89 of 1991, as amended by paragraph 8 of Government Notice 2695 of 8 November 1991, section 20 of Act 136 of 1992, section31 of Act 27 of 1997, section 90 of Act 30 of 1998, section 46 of Act 9 of 2006, section37 of Act 21 of 2006, section 13 of Act 9 of 2007, section 271 read with paragraph 114 of Schedule 1 of Act 28 of 2011 and section 172 of Act 31 of 2013**

**134.** (1) Section 15 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (2)*(a)* of subparagraph (iii);

*(b)* by the deletion in subsection (2)*(a)* at the end of subparagraph (vi) of the word "or";

*(c)* by the addition in subsection (2)*(a)* after subparagraph (vii) of the following subparagraph:

"(viii) the South African Broadcasting Corporation Limited contemplated in section 8A of the Broadcasting Act, 1999 (Act No. 4 of 1999); or".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2016.

**Amendment of section 18 of Act 89 of 1991, as amended by section 32 of Act 136 of 1991, section 23 of Act 136 of 1992, section 32 of Act 97 of 1993, section 18 of Act 20 of 1994, section 34 of Act 27 of 1997, section 93 of Act 30 of 1998, section 89 of Act 53 of 1999, section 174 of Act 45 of 2003, section 103 of Act 32 of 2004, section 109 of Act 31 of 2005, section 49 of Act 9 of 2006, section 85 of Act 20 of 2006, section 112 of Act 60 of 2008, section 123 of Act 7 of 2010, section 138 of Act 24 of 2011 and section 149 of Act 22 of 2012**

**135.** Section 18 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended by the substitution in subsection (6) for the words preceding the proviso of the following words:

"For the purposes of subsections (2) and (5), any reduction or increase in the extent of the application or use of goods or services shall be deemed to take place on the last day of the vendor's 'year of assessment', as defined in section 1 of the Income Tax Act, or, if the vendor is not a taxpayer as defined in that section, on the last day of February:".

aan 'n persoon wat 'n inwoner van die Republiek is of 'n ondernemer is; of''; en

*(e)* deur in subartikel (2) paragraaf *(s)* te skrap.

(2) Paragrawe *(c)* en *(d)* van subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.

(3) Paragraaf *(e)* van subartikel (1) tree in werking op 1 April 2017.

**Wysiging van artikel 12 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 136 van 1992, artikel 14 van Wet 20 van 1994, artikel 22 van Wet 37 van 1996, artikel 69 van Wet 19 van 2001, artikel 154 van Wet 60 van 2001, artikel 117 van Wet 74 van 2002, artikel 99 van Wet 32 van 2004, artikel 45 van Wet 9 van 2006, artikel 82 van Wet 20 van 2006, artikel 109 van Wet 60 van 2008, artikel 147 van Wet 22 van 2012, artikel 170 van Wet 31 van 2013 en artikel 97 van Wet 43 van 2014**

**133.** (1) Artikel 12 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur in paragraaf *(h)* subparagraaf (ii) deur die volgende paragraaf te vervang:

''(ii) die lewering deur 'n skool, universiteit, technikon of kollege geheel en al of hoofsaaklik vir die voordeel van sy leerlinge of studente van goed of dienste (met inbegrip van huishoudelike goed en dienste) nodig vir en ondergeskik aan en samehangend met die lewering van dienste beoog in subparagraaf (i) van hierdie paragraaf, waar die goed of dienste gelewer word teen 'n vergoeding in die vorm van skoolgelde, onderriggelde of betaling vir losies of kos en inwoning; of''.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.

**Wysiging van artikel 15 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur paragraaf 8 van Goewermentskennisgewing 2695 van 8 November 1991, artikel 20 van Wet 136 van 1992, artikel 31 van Wet 27 van 1997, artikel 90 van Wet 30 van 1998, artikel 46 van Wet 9 van 2006, artikel 37 van Wet 21 van 2006, artikel 13 van Wet 9 van 2007 en artikel 271 van Wet 28 van 2011 saamgelees met item 114 van Bylae 1 by daardie Wet en artikel 172 van Wet 31 van 2013**

**134.** (1) Artikel 15 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2)*(a)* subparagraaf (iii) te skrap;

*(b)* deur in subartikel (2)*(a)* aan die einde van subparagraaf (vi) die woord ''of'' te skrap;

*(c)* deur in subartikel (2)*(a)* na subparagraaf (vii) die volgende subparagraaf by te voeg:

''(viii) the South African Broadcasting Corporation beoog in artikel 8A van die Uitsaaiwet, 1999 (Wet No. 4 van 1999); of''.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 April 2016.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 136 van 1991, artikel 23 van Wet 136 van 1992, artikel 32 van Wet 97 van 1993, artikel 18 van Wet 20 van 1994, artikel 34 van Wet 27 van 1997, artikel 93 van Wet 30 van 1998, artikel 89 van Wet 53 van 1999, artikel 174 van Wet 45 van 2003, artikel 103 van Wet 32 van 2004, artikel 109 van Wet 31 van 2005, artikel 49 van Wet 9 van 2006, artikel 85 van Wet 20 van 2006, artikel 112 van Wet 60 van 2008, artikel 123 van Wet 7 van 2010, artikel 138 van Wet 24 van 2011 en artikel 149 van Wet 22 van 2012**

**135.** Artikel 18 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur in subartikel (6) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''By die toepassing van subartikels (2) en (5) word enige vermindering of vermeerdering van die mate van die aanwending of gebruik van goed of dienste geag plaas te vind op die laaste dag van die ondernemer se 'jaar van aanslag' soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet of, indien die ondernemer nie 'n belastingpligtige soos in daardie artikel omskryf is nie, op die laaste dag van Februarie:''.

**Amendment of section 21 of Act 89 of 1991, as amended by section 26 of Act 136 of 1992, section 34 of Act 97 of 1993, section 176 of Act 45 of 2003, section 48 of Act 16 of 2004, section 36 of Act 18 of 2009 and section 150 of Act 22 of 2012**

**136.** (1) Section 21 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6) Where any recipient, being a registered vendor, has been issued with a credit note in terms of subsection (3)*(a)*, or has written or other notice or otherwise knows that any tax invoice which the vendor holds is incorrect as a result of any one or more of the events specified in any of paragraphs *(a)*, *(b)*, *(c)* **[or]**, *(d)* or *(e)* of subsection (1) and has made a deduction of any amount of input tax in any tax period in respect of the supply of goods or services to which the credit note or that notice or other knowledge, as the case may be, relates, either the amount of the excess referred to in subsection (3)*(a)* shall be deemed to be tax charged in relation to a taxable supply made by the recipient attributable to the tax period in which the credit note was issued, or that notice or, as the case may be, other knowledge was received, or the amount of input tax deducted in terms of section 16(3) in the last-mentioned tax period shall be reduced by the amount of the said excess, to the extent that the input tax deducted in the first-mentioned tax period exceeds the output tax properly charged.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2016.

**Amendment of section 1 of Act 25 of 2007, as amended by section 145 of Act 24 of 2011, section 153 of Act 22 of 2012 and section 110 of Act 43 of 2014**

**137.** (1) Section 1 of the Securities Transfer Tax Act, 2007, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of ''closing price'' of the following definition:

'' **'collateral arrangement'** means any arrangement in terms of which—

*(a)* a person (hereafter the transferor) transfers a listed share to another person (hereafter the transferee) for the purposes of providing security in respect of an amount owed by the transferor to the transferee;

*(b)* the transferor can demonstrate that the arrangement was not entered into for the purposes of the avoidance of tax and was not entered into for the purposes of keeping any position open for more than 12 months;

*(c)* that transferee in return contractually agrees in writing to deliver an identical share, as defined in section 1 of the Income Tax Act, to that transferor within a period of 12 months from the date of transfer of that listed share from the transferor to the transferee;

*(d)* that transferee is contractually required to compensate that transferor for any distributions in respect of the listed share (or a share in a resultant company acquired by virtue of a listed share held in an amalgamated company as contemplated in section 44(6) of the Income Tax Act) which that transferor would have been entitled to receive during that period had that arrangement not been entered into; and

*(e)* that arrangement does not affect the transferor's benefits or risks arising from fluctuations in the market value of that listed share (or a share in a resultant company acquired by virtue of a listed share held in an amalgamated company as contemplated in section 44(6) of the Income Tax Act),

**Wysiging van artikel 21 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 136 van 1992, artikel 34 van Wet 97 van 1993, artikel 176 van Wet 45 van 2003, artikel 48 van Wet 16 van 2004, artikel 36 van Wet 18 van 2009 en artikel 150 van Wet 22 van 2012**

**136.** (1) Artikel 21 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

